



## TOULEIER



## Wie nie was nie, en wie was en steeds is

In Kammanuus 314 het **Marnus Steyn** gevra of daar bewyse is vir die bestaan van Racheltjie de Beer. Hy het geskryf:

"So terloops, volgens die genealogiese fundies, is daar geen geskiedkundige bewyse van Rachel de Beer se bestaan nie! Ek besit die boek *Kinders van Suid-Afrika*", geskryf deur oom Blackie Swart, wat die storie bevat. Dit sal interessant wees wat die oorsprong is want dit is so deel van ons geskiedenis.

"Miskien is dit 'n vraag wat jy in Kammanuus kan vra. Dit is nou of daar iemand is wat weet wie sy was, haar familie, ens., met die nodige feite."

Nou ja, Racheltjie se storie kom ook voor in prof. Dirk Coetzee se boek *Kinderhelde van Suid-Afrika*.

Kammanuus se navorsing toon egter dat die storie van Racheltjie waarskynlik net so anekdoties is as die een oor die Hollandse seuntjie wat sy vinger in die dyk gesteek het. Of William Webb Ellis, wat dan glo die eerste was om 'n sokkerbal op te tel en daarmee te hardloop - die "onstaan" van rugby.

Volgens die boek *Voortrekker Stamregisters 1835-'45* deur dr. Jan C. Visagie was daar geen De Beer op die Groot Trek nie. Die naaste daaraan was Rachel de Beer, wat in 1837 ('n jaar voor die Trek) met Jacob Koekemoer getroud is. Dit maak dit dus baie onwaarskynlik dat daar 'n 12-jarige Racheltjie de Beer op die Groot Trek was.

### Die Groot Een

Toe was daar ook 'n navraag op Bakkiesboek oor geskiedenis uit die Voortrekkers se tyd deur een van ons lesers, **Reon 'Snakes' Snyman** van Klerksdorp. Hy wou meer weet oor Coenraad de Buys wat glo voor die Voortrekkers noord getrek het, maar van wie ons nooit vertel is nie. Hier volg 'n kort uittreksel uit 'n artikel oor hom wat 'n ruk gelede in *By* verskyn het:

Coenraad de Buys is een van merkwaardigste mense in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, hoewel die meeste van ons nooit op skool iets van hom geleer het nie. Hy is in 1761 op Montagu in die Kaap gebore, die agterkleinkind van 'n Franse Hugenoot. Hy gaan woon in die Oos Kaap en het verhoudings met verskeie Xhosa-vroue. Hy het ook 'n Khoi-vrou met die naam Maria. By heelparty van die vroue het hy kinders.

Hy was glo by die sewe voet lank en het oral agting afgedwing. "Khula," het die Xhosa-mense hom genoem. Die Groot Een.

Later trek hy die binneland in met sy groep vroue, kinders en aanhangers, deur die Vrystaat en die huidige Noordwes en Mpumalanga. Hy raak betrokke by vele geskille tussen strydende groepe. Soms tree hy as 'n soort vrederegter op. Hy was 'n vriend van die sendeling dr. Johannes van der Kemp, en het ook 'n Bybel by hom gehad en soms kerkdienste gehou.

Uiteindelik beland die Groot Een en sy geselskap, wat sy drie geliefde seuns, Michael, Doris en Gabriel, ingesluit het, naby die Soutpansberg, waar hul nasate, bekend as die Buysvolk, tot vandag toe nog, steeds effens weggesteek van die res van die land leef.

Coenraad de Buys was een van die eerste wittes in die Transvaal. Hy het een nag in die vroeë 1800's net verdwyn. Enkele jare daarna het Louis Trichardt en sy trekkers in hierdie wêreld aangekom.

Nou vra ek julle, aan die een kant het ons Racheltjie De Beer, blykbaar fiksie, die storie wat ons almal wil glo.

Aan die ander kant, 'n ware Coenraad De Buys wie se bestaan ons wil ontken. Wys jou net, geskiedenis word eintlik maar geskryf soos die wenner dit wil sien. Of hoe?

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS



# Om die kampvuur

## Uitdrukings en woorde wat wip

(Met erkenning aan onder andere Herman Lategan in Rapport van 11 September 2011 en Joan Hambidge in 'n artikel oor C. Louis Leipoldt se kookkuns in Rapport van 4 September 2011).

**Vaaljapie:** Natuurlike, onverwerkte wit wyn, dikwels van minderwaardige gehalte, ook genoem raaswater of slingersous.

**Slegs 'n katspeegie ver:** Baie naby.

**Musiekpiering:** Kompakskyf (CD)

**Die geblikte deuntjie van die roomyskar:** Eentonig, aanhoudend, raserig.

**Slonshemp:** T-hemp. So deurmekaar soos 'n verkleurmannetjie op 'n Smartie-boks (dit verduidelik alles!)

**'n Muskeljaatkat kan hier uitbroei:** Gesê van 'n baie deurmekaar plek

**Loslippig:** Praat maklik.

**'n Kluitjie bak:** 'n Leuen vertel. (Is kluitjie nie die mooiste woord nie?)

**Kontantgewasse:** Oor-, neusen keelspesialiste se benaming vir mangels.

**Hy's die ene wawielore:** Luister aandagtig

**'n Stasiereëntjie:** Daardie reënbuitjie wat mos altyd uitsak, nes jy ná werk smiddags huiswaarts keer.

## OOR KOS

"Ek sal nie oesters eet nie. My kos moet dood wees, nie siek of gewond nie; dood."  
-- Woody Allen

"Die mens is die enigste dier wat op 'n vriendskaplike voet met sy slagoffers verkeer totdat hy hulle opeet."  
-- Samuel Butler (1835-1902)

"As kos so mooi op die bord gerangskik is, weet jy iemand se vingers het aan alles geraak."  
-- Julia Childs

Heilige koeie maak die beste hamburgers. -- Onbekend

## Die storie van Carnation Milk

Die ou vroujie van Wisconsin het op en rondom haar familie se melkplase gewerk vandat sy oud genoeg was om te loop. Sy het hard gewerk en min vergoeding gekry.

Toe Carnation-melk in die 1940's in winkels beskikbaar raak, het sy 'n advertensie geles waar \$5,000 aangebied word vir die beste slagspreuk.

Die vervaardigers wou 'n rymptjie hê wat begin met "Carnation Milk is best of all."

Die vroujie het gedink sy weet alles van melk en suiwelplase.


"Ek kan dit mos doen!" het sy uitgeroep, en haar rymptjie aangestuur.

'n Paar weke later het 'n groot, slap swart kar by haar huisie stilgehou. 'n Groot man het uitgeklim en aan die deur geklop.

"Mevrou," het hy gesê, "die president van Carnation Milk was DOL oor jou inskrywing. Dermate dat ons jou \$1,000 gaan betaal, al kan ons nie jou rymptjie in ons advertensies gebruik nie."

Die president het wel een laat druk en teen sy muur gehang.

**Hier is dit:**



## Laaste woorde

"Goeiste, maar dis mooi aan hierdie kant!"  
-- Thomas Edison (1847-1931).

"Ek het baie tyd bestee om in die Bybel vir skuiwergate te soek."  
-- W. C. Fields (1880-1946), komediant, gesê tydens sy laaste siekte.

"Ek is so verveeld met alles."  
-- Winston Churchill (1874-1965).

"Die dood moes hom neem toe hy slaap, want as hy wakker was sou hy baklei het."  
-- 'n Tydgenoot van Roosevelt (1858-1919).



## Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

### Sjokolade help evas dalk

**LUS VIR SJOKOLADE?** Dit is dalk 'n goeie idee om af en toe te swig – veral as dit donkersjokolade is.

Volgens 'n Sweedse navorsingstudie onder 33 000 vroue was hul gevaar van 'n beroertevlakke al hoe laer hoe meer sjokolade hulle geëet het.

Dr. Susanna Larsson en haar kollegas het inligting gebruik van 'n mammografie-studie waarin die vroue in 1997 aangedui het hoeveel sjokolade hulle eet. Die vroue was tussen 49 en 83 jaar oud.

In die daaropvolgende dekade het 1 549 beroertes onder die groep voorgekom. Hoe hoër die vrou se sjokolade-inname, hoe laer was die gevaar wat hulle geloop het. Onder dié wat die meeste sjokolade per week geëet het – meer as 45 g – was daar 2,5 beroertes per 1 000 vroue per jaar.

Dit was 7,8 beroertes per 1 000 vroue onder dié wat minder as 8,9 g per week geëet het.

Dié resultate is egter nie 'n vrypas om dit met dié soetgoed te oordoen nie.

“Vanweë die studie se waarnemende aard kan die bevindings nie bewys dat dit sjokolade is wat die gevaar van 'n beroerte verlaag nie,” het dr. Larsson gesê.

“Sjokolade moet in matigheid ingeneem word omdat dit baie kilojoules, vet en suiker bevat.

Aangesien donkersjokolade meer kakao en minder suiker as melksjokolade bevat, sal dit voordeliger wees om dit te eet.”

### Hotelle bied vloere net vir vroue

**IN DIE** preutse ou dae van ridderlikheid was 'n hotel met 'n vloer net vir vroue nie vreemd nie. Die golwe van feminisme het dinge dramaties verander, maar dit lyk tog of daar 'n terugkeer is onder vroue wat op hul eie reis.

In Kopenhagen het 'n groot hotel 'n meningsopname onder vroue gedoen, en meer as die helfte gesê hulle bly op 'n vloer wat vir vroue gereserveer is. Dit bied hulle 'n "gevoel van veiligheid en voel meer higiënies om te weet die vorige gas was ook 'n vrou." Hulle verkies ook 'n kamer wat volgens hul behoeftes ingerig is.

Met hierdie inligting het die hotel in Mei vanjaar 'n "Bella Donna-" vloer geopen. Dit kos duurder, maar die stortkoppe is ekstra groot, daar is meer hangers vir rompe en rokke en die mini-kroeg het items soos vrugtedrankies, sjampanje en sjokolade van 'n hoër gehalte.

Hotelle in Singapoer, New York en Washington DC bied dieselfde keuse.

### Diefstal-bestande trapfiets (?)



**'N BRITSE** uitvinder, Kevin Scott, het 'n trapfiets gepatenteer wat rondom 'n lamppaal kan vou.

Die idee is 'n fiets wat bestand is teen diefstal, of wat dit dan minstens moeilik maak om te steel.

Maar as dit enigsins op Modder Eiland gaan soos in Duskantland, sal die wiele en die saal en trappe beslis afgesteel word. Al wat van Kevin se fiets sal oorbly, is die geraamte. Of dalk word paal én fiets weggedra?

### Nuttige uitvindsel

Is jy een van daai mense wat nie op jou rekenaar kan werk sonder om ook te eet nie?

Koffie – eintlik enige vloeistof – word maklik gestort, en jou toetsbord hou niks van vloeistowwe nie.

Hier is die ideale oplossing, spesiaal ontwerp vir die etende werkendes onder ons.





# Giggels

Merk jou bydrae GIGGELS en pos dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## DONASIE

Gisteraand klop daar 'n mannetjie aan my voordeur. Hy vra 'n donasie vir 'n swembad wat by hulle skool gebou word. Was hy die moeder in toe ek hom 'n koppie water gee.

## MAMMA SE RAAD

**Seuntjie muskiet:** "Mamma kan ek asseblief vanaand na die teaterproduksie toe gaan?"

**Mamma muskiet:** "Ja, my seun, maar wees tog net versigtig wanneer die mense begin hande klap."

## GOEIE PLAN

'n Boer was raadop met die voëls wat elke jaar in sy stukkie wingerd baljaar. Hy besluit toe om sy skoonma as voëlverskrikker te gebruik. Dit werk so goed, die voëls het die helfte van laas jaar se oes teruggebring.

Twee blondines ry in 'n motor toe 'n kar met aangewasemde ruite by 'n rooi verkeerslig langs hulle intrek. "Kyk," sê die een, "die ou hier langsaan is seker 'n Rus of 'n Pool. Kyk wat staan op sy ruit geskryf: **etiet elluj ym syW**"

## ANDY CAPP deur Smythe



## GROOT NOOD

'n Blondine is aan boord van 'n tweesitplek vliegtuig toe die vlieënier skielik 'n hartaanval kry - morsdood.

Sy het geen benul wat om te doen nie en gryp die radio en gil: "May-day, mayday! Die vlieënier is dood!" Beheertoring ontvang haar noodroep en antwoord: "Bly kalm dame, ek sal presies vir jou sê wat om te doen om veilig te land. Eerstens, wat is jou hoogte en posisie?"

**Blondine:** "Ek is 1.7 meter lank en sit in die regter-sitplek!"

## Beheertoring:

"Herhaal agter my aan: Onse Vader wat in die Hemel is . . ."

## WILSKRAG

Ek het net uit die winkel gekom met 'n vleispastei, skyfies en 'n yslike hotdog.

'n Hawelose man het daar gesit en sê: "Ek het twee dae laas geëet."

Toe sê ek: "Hel, ek wens ek het jou wilskrag gehad."

# Hoe om jou **TELEBEMARKER** op 10 maniere te **TERRORISEER**



- 1.** As hulle vra: "Hoe gaan dit?" moet jy hulle vertel. Sê: "Ek is so bly jy vra, want niemand gee meer vir my om nie. My artritis vreet my op, ek het blaasprobleme, my rug is seer en ek kry sooibrand. En my hond is gister dood."
  - 2.** As sy sê sy is Cathy van ACD Bpk., sê sy moet haar naam spel. Vra dan hoe jy die maatskappy se naam spel. Vra die adres, wanneer is dit gestig, wie was die stigters, hoe lank werk sy al daar en hoeveel mense werk by die plek.
  - 3.** Gee 'n uitroep van verbasing: "Cathy! Is dit jy? Liewe hemel, hoe gaan dit?" Dit sal Cathy 'n paar oomblikke laat wonder waarvandaan julle mekaar ken.
  - 4.** As Cathy wil hê jy moet aansluit by die kring vir Familie en Vriende, antwoord in 'n sinistere stem: "Ek het geen vriende nie . . . wil jy my vriend wees?"
  - 5.** As hulle aanbied om jou geld te leen, sê jy is pas bankrot verklaar en kan definitief doen met geld.
  - 6.** Sê vir die telebemarker jy is in "huisarres" en vra of hy of sy dalk vir jou 'n bottel brandewyn en 'n kis bier kan bring.
  - 7.** Laat die telebemarker sy of haar hele storie vertel, en vra dan of hy of sy met jou sal trou omdat jy so eensaam is. As hy of sy dan heeltemal uit die veld geslaan is, sê daar is geen manier waarop jy jou kredietkaart se nommer aan 'n vreemdeling sal verskaf nie.
  - 8.** Sê jy is op die oomblik baie besig en vra hulle dan of jy hul HUISnommer kan kry sodat jy kan terugbel. As die antwoord is dat hy of sy nie hul HUISnommer kan verstrek nie, sê: "Ek lei af dat jy nie wil hê dat iemand jou by jou huis moet pla nie, reg?" As hy of sy saamstem, sê: "Wel, ek skat jy weet nou seker hoe ek oor die saak voel."
  - 9.** Maak asof jy vas onder die indruk is dat dit eintlik jou vriendin Lulu is wat bel. Sê: "Komaan, Lulu, ek weet dis jy wat bel! Hoe gaan dit nog met jou ma wat so siek was?"
- En die belangrikste wenk:**
- 10.** Vra hulle om BAIE STADIG te praat sodat jy elke woord kan neerskryf.

## **BUFFER-PLAKKERS**

"Vegetariërs smaak beter."

"Vegetariër: Indiese woord vir 'n slegte jagter."

"As diere nie vir eet bedoel is nie, hoekom is hulle van vleis gemaak?"



## Deel 6

# Dik Werb laat ons klippe kou



### DIRK BOSHOFF

vertel verder van sy opleiding vir die Grensoorlog in Angola.

Ons moet 2,4 km in minder as 'n sekere tyd hardloop. In ons groep was 'n Jood met die van Werb. Hy was baie oorgewig en het soos 'n waterbed gelyk, of dalk was hy net ongemaklik fris gebou ter wille van selfbeelddoeleindes.

Werb het die skaal naby 160 kg getrek. Hy het die swaarste in ons groep gekry wanneer ons 'n afstand moes hardloop en opstote doen, dermate dat sy beste vriend, Baynes, Werb se neus gebreek het uit pure frustrasie omdat hy ons soveel straf laat kry.

Werb was altyd laaste, en dan sal die korporaal met sy horlosie daar staan en aftel: "10, 9, 8... julle maatjie Werb gaan dit maak ... hy gaan dit maak ... hy gaan dit maak ... hy maak dit niiiiee!" En so word nog 'n 2,4 km op ons afgeforseer, en so het dit aangegaan.

Dan was iets nie reg met inspeksie nie, of liters water is nie betyds opgedrink nie.

"Op die horison staan 'n boom. Ek tel 3, en elke rower sal binne 5 minute terug wees met 'n blaar in sy hand. Beweeg, rowerrrrss!"

Nodeloos om te sê Werb het nooit die tyd gehaal nie, of die verkeerde blaar gebring, en dan moes ons weer hardloop.

"Opstote. en af, en op, rug reguit rowerrr ... tien opstote ... en een, en een, en een, en een ... julle maatjie Werb werk weer nie saam nie! En een, en twee, en drie, en drie en drie ..." bulder korporaal se stem.

Ons opstote raak later meer as honderd. Web begin 'n traan stort, hy kry nie sy grote lyf opgestoot nie ...

**"As julle voete grond raak, is julle besig om spoed te verloor!"**

So het dit dag in en dag uit gegaan, klere stryk, was, oefen, teoretiese eksamens, ensovoorts. Een oggend om 02:30 word daar van buite geskree: "Al die vlugte! Eskader, tree aan!"

Ons almal hardloop na buite. Ons R2's moet altyd by ons wees, dit is ons "meisie" en ons moet "haar" oppas. Ons strompel met rooi oë vol spatare na buite in ons oefenklere (ons het in hulle geslaap.) Elke vlug tree aan soos hy geleer is. Almal staan op aandag, in gelid.

"Ek gee julle drie minute. Op die telling van drie moet julle terug wees, ten volle geklee in julle browns!! Het julle my?"

"Ja, korporaal!"

"Op die telling van drie wil ek net klippe, vonke en k\*k sien spat! As julle voete grond raak is julle besig om spoed te verloor, het julle my rowerss?"

"Ja, korporaal!"

Is die man besimpeld, dink ek. Hoe gaan ons binne 3 minute na ons woonkwartiere hardloop, uit en aantrek en betyds weer aangetrek wees?

"Een, twee, drie!"

Dit is 'n geordende chaos wat heers soos almal oor mekaar val om die doelwitte van die korporaas na te streef. Uiteraard maak ons dit nie betyds nie.

"Julle rowers is 'n verleentheid vir mekaar. Julle het dit nie gemaak nieee!" gevolg deur 'n swetterjoel vloekwoorde.

"Julle werk nie saam nieee! Op die telling van 3en binne 3 minute moet julle in julle uniform (uitgaandrag) staan, het julle myyy!" En so hou dit aan vir 'n volle uur . . .

**Kersgeskenk:** Benodig jy 'n Kersgeskenk wat bitter min persone in ons land besit, en wat manne met dik vingers en dames met slanke vingers kan gebruik, dan het ons die oplossing. 'n Mini Bluetooth sleutelbord vir selfone en iPads.

Die bordjie is so groot soos 'n slimfoon, maar laat ek nie verder jou tyd mors nie, gaan kry meer inligting en foto's by die volgende webadres:

[www.foonpret.co.za/mini.htm](http://www.foonpret.co.za/mini.htm)



# Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

## Oorspronklike Esmé en Jan resepte #16

### GEMMERBROOD SONDER EIERS

5 onse meelblom

Knypie sout, bietjie gerasperde neut.

¼ teelepel fyn gemmer.

¼ teekoppie gouestroop

1 ons donkerbruin suiker.

1 ons botter of vet

1½ ons rosyntjies of sultanas

½ ons versuikerde skil

¼ teelepel koeksoda

¼ teekoppie water

Smeer en voer die pan uit.

Maak die vrugte skoon en snipper die skil.

Sif die meelblom, sout, gemmer, koeksoda en neut in 'n kommetjie en voeg vrugte by.

Smelt die suiker, botter, stroop en water saam en roer dit in die droë bestandele.

Sit dit in 'n pan en bak in 'n matige oond vir omtrent 45-60 minute.

### GEMMERBROOD MET EIERS

¼ lb meelblom

1 knypie sout

1 ons rosyntjies

1 ons bruinsuiker

1 ons botter

¼ lb gouestroop

¼ ons fyn gemmer

1 eier

2 eetlepels melk

¼ teelepel koeksoda

½ eetlepel warm water.

Sif meel, sout en gemmer in 'n bak.

Ontpit die rosyntjies en voeg by droë bestandele.

Weeg die stroop in 'n kastrol, voeg suiker en botter by en laat dit smelt (moenie te warm maak nie).

Klop die mengsel in die droë bestandele. Klop eier en melk saam en voeg by die mengsel. Klop goed.

Los die koeksoda in warm water op en voeg by.

Gooi in 'n gesmeerde koekvorm en bak in 'n matige oond.

**Opmerking:** Hierdie mengsel kan in 'n koekvorm, broodpan of plat pan gebak word.

As dit in 'n plat pan gebak word, sny in vierkantige stukkie as dit gaar is.

Die volledige bedankingslys sal ná afloop van al die plasings verskyn. Die volledige reeks sal ook in e-boekformaat beskikbaar gestel word. Dié wat egter nie tot dan kan wag nie, kry jou KAMMANUUS!

**Groetnis**

**Retha**

## STAMBOOM

**CILLIERS** [nomadspulpit@yahoo.com](mailto:nomadspulpit@yahoo.com)

Ek doen wêreldwye navorsing oor vanne en versamel alle inligting oor hierdie vanne en nog meer met 'n fokus veral op die families wat in die Karoo, Tankwa Karoo, en Oos-Kaap voorkom.

**DE BEER** [jdbimbis@gmail.com](mailto:jdbimbis@gmail.com)

My oorlede vader was Johannes Frederick Jacobus de Beer, Sy vader was Jacobus Petrus en moeder Aletta Johanna. My moeder is Gertruida Aletta (Trudi).

**DREYER** [johndreyer@worldonline.co.za](mailto:johndreyer@worldonline.co.za)

My familie is van die Adelaide-distrik in die Oos-Kaap. My grootjie is in 1854 getroud met Elizabeth Maria Dreyer (haar nooiensvan).

**LIEBENBERG** [dicelieb@netactive.co.za](mailto:dicelieb@netactive.co.za)

Soek inligting oor Daniel Willem Adriaan Liebenberg, gebore 1830 en getroud met Cornelia Johanna Elizabeth Beyleveld. Benodig hulle kinders se name asseblief.

**HATTINGH** [lesijha@gmail.com](mailto:lesijha@gmail.com)

Ek wil baie graag meer inligting bekom oor DE BEER (dis nou aan my ma se kant) en HATTINGH (dis nou aan my man se kant) Die Bekker-stamboek het ek. My ma was Johannes de Beer 24/2/1924 oorlede op 29/4/1992. Sy was getroud met Francois Jacobs Bekker. My man en sy pa is albei Adam Barnard Hattingsh 30/11/1925 oorlede op 23/10/1998.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

### Spoke en gewetes

"As hy omdraai, sien hy die dogtertjie wat aan die onderpunt van die lang gang staan."

Deur **CHRISTO DU PLESSIS**

**F**anus de Waal sak moeg in die groot wiegstoel neer. Hy maak sy oë toe en sug: gelukkig is hiërdie episode nou ook afgesluit. Hy het die enkele besittings wat sy ouma wou saamneem na die Tehuis vir Bejaardes, vandag vir haar gevat. Sy het ongelukkig gelyk. Maar hy gaan hom nie nou met gewete-gedagtes moeg maak nie.



Hy raak bewus van iemand – of iets – se teenwoordigheid. Sy oë gaan angstig oop. Hy soek deur die vertrek: sy blik vries op die dogtertjie wat aan die oorkant van die vertrek staan.

"Wie is jy en hoe kom jy in my huis?" wil hy duidelik geïrriteerd weet.

Sy antwoord sonder skroom: "Dis nie jou huis nie, dis Ouma Kreukels s'n!"

Sy mond gaan oop om haar te antwoord, maar sy stem kom nie by sy adamsappel verby nie.

Ouma Kreukels? Hoe weet die kind van Ouma Kreukels? Dis wat hy sy Ouma genoem het toe hy klein was.

Vandat hy kan onthou het sy ouma baie plooië gehad. Oor haar hele gesig, maar daar was meer om haar oë. Vandaar sy troetelnaam vir haar: Ouma Kreukels.

Wanneer sy gelag het, het die kreukels dieper en meer geword. Haar oë het klein skrefies geword en haar ronde magie het ritmies op en af gewip. Haar lag het altyd vir hom soos klokkies geklink.

Hy vestig weer sy aandag op die dogtertjie. Dit lyk of sy uit 'n 19de-eeuse prentjie geklim het. Haar rokkie is outyds en haar donkerbruin lokke wat op haar skouers hang, laat hom dink aan 'n geskiedkundige fliëk wat hy gesien het.

Het hy dan nou saam met die plaas armoedige arbeiders en bywoners geërf?

Asof die kind sy gedagtes kan lees, sê sy: "Jy het nie die plaas geërf nie. Mens kan net van dooie mense erf. Jy het Ouma Kreukels se plaas gevat. En sy huil baie daarvoor."

Sy woorde is venynig as hy reageer: "Wat soek jy in my huis? Wat is jou naam en hoe het jy hier ingekom? Waar is jou ouers en waar bly jy?"

Haar fyn stemmetjie klink parmantig as sy weer op haar beurt terugkap: "Ouma Kreukels sê mens mag nie so baie vrae op een slag vra nie. Dis ongeskik. Mens moet wag vir die antwoord voor jy die nuwe vraag vra."

Sy Ouma se stem spring in sy kop en hy kan haar dit hoor sê. Sy het dit ook altyd vir hom gesê.

"Wie het vir jou toestemming gegee om haar Ouma Kreukels te noem? Net een kind in die familie, mag haar so noem."

Die frons tussen sy oë raak al dieper terwyl hy praat.

"Ek weet," laat sy snipperig hoor. "Maar Ouma Kreukels het gesê daardie seun het haar lankal afgeskryf. Hy is skaam vir haar, het sy . . ."

"Bly stil!" bulder hy. "Jy is 'n bogkind! Bly stil!"

**H**y vryf sy oë met sy kneukels. As hy sy hande wegvat, is sy weg. Hy het haar nie hoor uitgaan nie. Hy klap sy tong, vies vir homself: Vir wat laat hy toe dat 'n snuiter hom so ontstel?

Hy gee toe: Hy het seker 'n bietjie onortodoks te werk gegaan om sy ouma van die plaas af te kry. Maar hy kon nie wag dat die ou vrou uitklok nie. Hy het groot planne vir die grond waarmee sy nie wou saamstem nie. Nou moet hy haar net sover kry om die eienaarskap



aan hom oor te teken, dan kan hy sy planne begin uitvoer.

Die volgende dag ry hy in dorp toe en gaan maak weer 'n draai by die tehuis.

Hy kyk na sy ouma se stil gesig: haar lag is weg, maar haar kakebeen wip op en af soos sy op haar tande byt.

Sy praat nie met hom nie. Antwoord net as hy iets vra.

"Ouma?" Hy wag tot haar dowwe oë stadig na hom kyk, voor hy verder praat.

"Wie is die bywoners op die plaas?"

'n Klein fronsie word dieper in die geplooidde voorkop. Die silwer hare skud liggies saam met haar kop heen en weer.

"Daar is nie bywoners op die plaas nie." Selfs haar stem klink vir hom moeg en leweloos.

"Daar moet mense op die plaas wees. Daar loop dan 'n kind rond?" sê hy ongeduldig met 'n ligte ophaal van sy skouers.

Dit lyk of daar 'n lig in Ouma se oë aangaan. 'n Klein glimlaggie wil-wil om haar mondhoëke vorm.

"O, sy? Dis Susarah. Ek is bly julle het ontmoet. Sy het belowe om na my om te sien tot ek sterf. Sy sê sy kan nie saam met my oorgaan nie, want sy het nog nie rus nie."

**D**ie stoel is skielik vir hom te warm. Hy staan vinnig op en gaan staan voor die venster.

"Wat bedoel Ouma tog? Dit lyk my Ouma raak nou bietjie deurmekaar in die kop?" sê hy met 'n lag in sy stem. Maar hy kan nie die disrespek verbloem nie.

"Nee, Faantjie my kind. My kop makeer niks. Saartjie hou my al vir jare geselskap op die plaas. Van jou oupa se dood al. Die aand ná sy begrafnis het ek haar in die familie-kerkhof gekry. Sy het belowe sy sal vir my en die plaas sorg."

Fanus vererg hom: "Dan groet ek eers Ouma. Ek kan my nie met sulke snert ophou nie. Spoke! Ga! Dis nou die laaste ding wat ek sal glo!"

Hy tel sy sleutels van die tafel af op en soen haar vlugtig op die wang.

Dan kom Ouma se stem sag, amper soos 'n fluisterwind: "Wees maar versigtig Faantjie, my kind. As spoke kwaad word, dan is hulle baie gevaarlik."

Iets kriewel in sy nek, maar hy draai die deur van die plaashuis vasberade oop.

Dan trek hy die deur agter hom toe. As hy omdraai, sien hy die dogtertjie wat aan die onderpunt van die lang gang staan.

Sy het 'n rok aan wat lyk of dit van die 19de eeu dateer. Haar donkerbruin lokke hang oor haar skouers.

Fanus kan sweer haar oë gloei rooi in sy rigting.

## **SÓ SKENK JY VIR DIE YADE-TEHUIS**

Daar kom gereeld bydraes van ons lesers in vir die ouetehuse in Bloemfontein.

Lesers wat by Onsdorp/Kammanuus se aksie wil aansluit – eenmalige skenkings of 'n maandelikse aftrekorder - kan dit só doen:

<b>Eerste Nasionale Bank - Stilfontein</b>	
<b>Hennie Greeff</b>	- <b>BOB Spaarrekening</b>
<b>Rekeningnommer</b>	- <b>60379199926</b>
<b>Takkode</b>	- <b>240538</b>

Jy is nou op die laaste bladsy van  
Kammanuus 316.  
Nommer 317 bereik jou op 14 November.